St. Filip Neri - Heilige stigter van die Kongregasie van die Oratorium

26 Mei

(1515-1595)

Kyk neer vanuit die hemel, heilige Vader Filip,
vanaf die hoogte van daardie berg na die nederigheid van hierdie aardse dal,
vanuit u hawe van stilte en rus na dié onstuimige see.
En nou dat die duisternis van hierdie wêreld nie meer u minsame oë
verhinder om alle dinge duidelik raak te sien nie,
kyk neer en kom besoek, o flukse bewaker, dié wingerd wat u geplant het
en dit met soveel arbeid en in soveel gevaar.
Tot u kom ons om hulp, by u soek ons bystand,
aan u gee ons onsself sonder voorbehoud, u is ons beskermer en verdediger.
Maak ons verlossing u taak en bewaar al u volgelinge,
u is ons leidsman en u behoed ons teen die aanslae van die duiwel.
Aan u, die sagmoedigste van alle leiers, behoort ons lewensstuur,
hou hierdie bootjie van u op koers, en beskerm ons vanuit u hoogte
teen die rotse van bose begeertes.
Laat ons eendag met u, as ons stuurman,
die hawe van ewige saligheid veilig binnevaar.
Dit bid ek op voorspraak van die heilige Filip Neri,
deur Jesus Christus, onse Here, Hy wat met God die Vader en die Heilige Gees
leef en heers één God tot in alle ewigheid. Amen. *(Voorspraakgebed toegeskryf aan Cesaré Baronius)*

© Die Oratorium Uitgewery